

Ophioglossum polyphyllum



E: Adder's tongue A: dalk addertong?

D: Natternzunge

Hoewel hierdie een- of twee-blaar-plantjie nie daarna lyk nie, is dit tog 'n **varing**. Die plat breë plantdeel, die **blaar**, is die kosfabriek en die deel wat soos 'n steeltjie lyk, die **sporofoor**, dra die spore in 'n dubbelry en sorg vir die voortplanting. In die grond hou die redelik stewige **wortelstok** die plantjie opreg en voorsien die nodige vog. Na die reënseisoen droog die plantjie op.



Fossiele gee die inligting, dat hierdie primitiewe varing al vir ongeveer 64,5 tot 55,5 miljoen jare op hierdie aardbol lewe. Deesdae is dit slegs verlangs familie van die gewone varings met die samegestelde blare wat ons ken. Dit kom feitlik in heel Afrika en omliggende eilande voor asook die Arabiese lande en Indië behalwe in diotropiese reënwood-gebiede.

↖ Die blare met sporofoor vorm die bogrondse deel en staan ongeveer 10 cm hoog

↙ Die ondergrondse deel met baie sterk wortels (vir so 'n klein plantjie).

Waar hierdie addertongetjies groei, is daar gewoonlik meer, soms baie. Soveel so, dat Hereo- en Damara-mense dit versamel en as spinasie kook. Daar word ook genoem, dat pitsere met 'n warmwater-aftreksel daarvan behandel kan word.

Vir my is die plantjie interessant, omdat dit 'n oorlewingsstyl ontwikkel het, wat al vir so 'n lang tydperk werk en omdat dit vreemd lyk met sy een blaar en "geriffelde steeltjie".

Inligtingsbronne:

Crouch, N.R., Klopper, R.R., Burrows, J.E. & Burrows, S.M. 2011. **Ferns of southern Africa. A comprehensive guide.**

Random House Struik, Cape Town, pp. 776. ISBN 978-1-77007-910-

Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen von Namibia.

Teks en foto's: Anka Eichhoff

Februarie 2023